

Bybelstudiereeks 2020

Hebreërs

Braam Krüger

No 4

1. Goeie dag! Ek vertrou dit gaan nog goed met almal.
2. In my (Donderdag)Bybelstudies behandel ek die boek Hebreërs. Vandag die vierde in die reeks.
3. **Gebed.**
4. Net om onself te **herinner**: Die skrywer en presiese eerste lesers van dié boek is onbekend. Maar dit is baie duidelik waarom dit gaan in hierdie brief! Die lesers is Christene wat uit die Jodedom gekom het. Maar, hierdie Christene se geloof is onder aanval. Daar is aan die een kant **dwaalleraars** wat hulle wil terugvat na die Ou Testamentiese uitlewing van die godsdienst, en aan die ander kant is daar **vervolging en swaarkry** wat maak dat hulle begin twyfel of dit die prys werd is om te volhard in hierdie “nuwe” geloof (Sien o.a. Hb. 10: 32 – 34). Die skrywer moedig hulle aan om te volhard in die geloof in Christus, die beloofde Messias van die Ou Testament
 - a. Ons het reeds gekyk na die struktuur van die boek, en sien iets soos dié:

Inleiding (1: 1 – 3)

Hfst 1 – 2
Jesus is groter/belangriker as die engele
En die Torah

Hfst 3 – 4
Moses het die volk gelei na die beloofde land, naars Jesus bring ons by 'n nuwe skepping

Hfst 5 - 7
Jesus die finale priester, volgens die orde van Melgisedek

Hfst 8 – 10
Jesus se finale offer bring 'n nuwe verbond

Waarskuwing
Om Jesus te verwerp is om God se Woord te verwerp

Waarskuwing
Om Jesus te verwerp maak dat jy nie deel in die nuwe skepping nie

Waarskuwing
Om Jesus te verwerp maak dat jy nie versoen is met God nie

Waarskuwing
Om Jesus te verwerp is om die enigste ware offer te verwerp


Die geloofshelde van die OT leer ons om te volhard in die geloof in Jesus (Hfst. 11 – 13)

- b. Ons het by die vorige geleentheid oorsigtelik gekyk na die vier hoofsaake in die “vleis” van die preek,
 - Hfstt. 1 – 2 maak 'n vergelyking tussen Jesus en die engele wat die wet gegee het.
 - Hfstt. 3 – 4 stel die kontras tussen Moses en die Seun van God.
 - Hfstt. 5 – 7 kontrasteer die Levitiese priesters met Jesus as priester volgens die orde van Melgisedek.

- Hfstt. 8 – 10 kontrasteer die offers en verbond met Jesus, die finale en eenmalige offer.
5. Ek wil graag 'n paar keer kyk na **besondere gedeeltes** binne daardie blokke. Vandag kyk ons na hfst. 4: 12 – 13 in samehang met 2 Tm 3: 16. Dit handel oor die plek en gesag van die Woord in die lewe van gelowiges.
 6. Kom ons lees saam:
 - a. ¹²Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. ¹³Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.
 - b. ¹⁶Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, ¹⁷sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.
 7. Hierdie vers kom op **blok 2**, waar daar gepraat word oor Moses wat die volk uitgelei het uit Egipte, die wildernis in. In 3: 7 word verwys na Ps. 95: 7 – 11, wat vertel hoe die volk in die wildernis gedwaal het vir 40 jaar omdat hulle nie na God se stem geluister het nie. Die skrywer van Hebreërs pas die Psalm dan toe op sy huidige lesers (3: 12 – 23): Pasop dat julle nie dieselfde pad loop nie. Moenie God se Woord in die wind slaan nie! Maar nou is dit nie net die beloofde land wat in gedrang is nie, maar die rus van (of in) God (4: 1, 11).
 - a. Die rus van/in God beteken nie 'n niks-doen, rondlê soos op 'n tropiese strand nie, maar beteken dat ons in God 'n nuwe lewe vind. Vers 11 sê: ¹¹Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie.
 - b. Dit is dan binne hierdie konteks dat die skrywer verwys na die Woord van God as 'n tweesnydende swaard.
 8. Mense voer baie argumente, o.g.v. hierdie teks, oor allerlei dinge wat die teks nie oor wil praat nie. Bv. die skeiding van siel en gees. Waar begin die siel, waar begin die gees? Is die twee skeikbaar? Bestaan die mens uit liggaam, siel en gees? Of net uit liggaam en gees? Of net uit liggaam en siel? Wat is die skeiding tussen gewrigte en murg? Hoe kan jy dit skei?
 - a. Maar hierdie is nie die fokus/skopus van die teks nie! Dit wil eintlik sê dat die Woord juis dit wat onskeikbaar is, soos liggaam en gees of gewrigte en murg, kan skei! Want dit is 'n tweesnydende swaard – 'n kort Romeinse swaard wat selfs deur metaal mondering kon sny!
 - i. Wat beteken dit? Baie eenvoudig: Die Skrif, omdat dit God se Woord is, dring deur na die diepste wese van die mens. Omdat dit God is wat p[raat daarin en -deur, daarom staan die mens en sy bedoelings nakend voor God as ons na die Woord luister! Dit verstaan die innerlike mens, en gee so duidelik die waarheid weer, soos God dit ken, dat niemand die toepaslikheid daarvan in ons lewens kan ontken of miskyk nie!
 - b. En as dit jou oopgeklief het, dan het dit die energie [die woord met "lewend" vertaal is "enegēs" ἐνεργής, ἐς: pertaining to being effective in causing something to happen—'effective, able to bring about.'] om jou God se rus te laat ingaan!

9. Hierdie kragtige werk van die Woord word ook in 2 Tim 3: 17 verduidelik.
- Die hele Skrif is **deur God geïnspireer** is 'n vertaling van die Griekse woord "theopneustos". Dit beteken: God se asem, **God se stem**. God self praat met ons uit die Bybel. Daarom mag daar niks bygevoeg of weggevat word nie – dit is disrespek teenoor die Allerheiligste God om dit te doen (Sien Op. 22: 18 – 19).
 - En die Skrif doen vier dinge, sê 2 Tm 3: 17.

Die hele Skrif is deur God geïnspireer, en is bedoel om



- Dit onderrig in die **waarheid**. Dit beteken, dat stel dié norm, God se norm of standaard. Kyk, baie mense het baie opinies en teorieë. En een dink só en 'n ander sús! Maar wie se opinie sal geld? Wie se idee sal dien as norm? Daarom luister ons na God.
 - Hy is ook die Een wat ons lewenstandaarde vasstel! Wat Hy se is reg, is reg, en wat Hy sê is verkeerd, is verkeerd. Ons kan dit saamvat om te sê: die Here leer ons : liefde vir Hom, liefde vir ons naaste. Dit is die standaard. Onverdunde, onvervalsde, suiwer liefde. Sonder voorbehoud, soos God dit bedoel.
 - Maar die tweede ding wat die Woord doen, is om **dwaling** te bestry. So, ons kan sê, dit wys ons hoe en waar en hoekom en hoe dikwels en hoe volledig ons afwyk van God se standaard.
 - Ons is nie vol liefde nie, maar haat eerder God en ons naaste! Ons stel onself, en ons eie wil asook emosies en begeertes voorop. Ons is nie, in terme van Hb. 4, in God se rus nie, maar in die wildernis verdwaal! Ons is sondaars.
 - Maar, die Skrif leer ons ook om **verkeerdhede reg te stel**. Hoe om weer in lyn met God se standaard te kom. En dit gebeur in Jesus. Wanneer ons God se rus ingaan in die geloof in Jesus Christus.
 - Ons is versoen met God, met ons naaste, ons het die regte uitkyk op onself, wanneer ons gehoorsaam ons sonde bely en die nuwe lewe in God se krag aanpak.
 - Maar die Skrif leer ons ook die **nuwe lewenswyse**. Sodat die kind van God toegerus sal wees vir elke goeie traak.
 - Ons kan dalk sê: Verkeerdhede regstel het te make met ons grondbekering, ons ommekeer na God toe. Die rus van God ingaan. Maar die regte lewenswyse het te make met ons daaglikse bekering, ons heiligmaking, ons geloofsgroei, ons nuwe lewe binne die rus van God.
10. Die **hoofsaak** is dus: die Woord is die rigtinggewende stem van God – dit maak ons innerlike mens oop voor Hom, sodat ons tot bekering kan kom, en saam met God kan leef, nou reeds. Dan het ons God se rus binnegegaan, t.s.v. enige ander omstandighede.

11. Wat kan ons met ons saamvat van hier af. Vrae en bespreking.

- a. Dink jy dat die Bybel vandag nog gerespekteer word **deur mense**?
- b. Sou jy sê dat **jy** die Bybel respekteer? Hoe kan mens dit by jou agterkom?
 - i. Lees jy gereeld uit die Bybel?
 - ii. Lees jy dit om dit wat dit sê op jousef toe te pas? Sodat dit jou verander?
 - iii. Laat jy toe dat dit jou oop en bloot voor God lê?
 - iv. Wanneer laas het jy 'n afwyking van God se standaard af by jou opgelet o.g.v. die Woord? En het jy die Woord ondersoek om te sien wat die Here se wil oor daardie saak is?
- c. As jy jou gemeente toets aan die plek wat dit aan die Bybel gee, is jy tevrede met jou gemeente?
- d. Enige ander sake wat jy wil deel hieroor, bv. met jou gesin, jou kleingroep of die predikante?

12. Aantekeninge by besprekingsvrae
